

Ons gee God se Hoop en liefde aan

Diensnuus

20 September 2026

09:30 Erediens/Kategese afsluiting

09:00 Botrivier Gemeenskapsdiens

09:00 Solitaire Erediens : Ds. Awie Brand

10:00 Jongenskap Erediens : Ds. Werner van den Heever



01 DAGBOEK :

20 September: Ds. Willem Lubbe - Greyton

22 September: Matriekafskeid

23 September: Skole sluit

24 September: Erfenisdag (Kantoor gesluit)

1 Oktober: Veeveling (kommersieel)

6 Oktober: Skole open & Slaglamveiling

ONS BID VIR :

Mariaan Basson

Jandre Human

Pietie Groenewald

Willem Victor

Gabrie van der Merwe

Heinrich Schönfeldt

***Troos:** Ons dink aan Esbe Eksteen en Familie met die afsterwe van Oom Martin. Die familie het Donderdag in 'n intiem afskeidsrede op die plaas God se troos ontvang.*

02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Riëtte Steyn

Heleen Lombard

03 ALGEMENE INLIGTING:

Saam bid:

Woensdaeoggende - 07:00 Laerskool Overberg

Donderdaeoggende - 05:00 Gebedskamer

As jy 'n **daaglikse skrifgedeelte** en gebed wil ontvang: Whatsapp jou naam na 0834142413

Kantoorure:

Ma-Do: 07:30-17:00, Vr: 07:30-15:00

Tel: 028 212 1202

Whatsapp: 072 807 3192

E-pos: ngkaledon@twk.co.za, ngkaledon2@twk.co.za

04 LOERSIESFONTEIN BASAAR:

Indien enige persoon vanjaar die basaar op Loeriesfontein wil ondersteun met bydraes soos in die verlede en ook self die geleentheid wil bewoon op **26 September 2026**, kan julle vir Ds. Awie Brand kontak by: 083 414 2 413

Baie dankie

05 Matriek BOKSIES:

Soos elke jaar is ons weer besig met ons **Matriekboksies-projek**, en ons vra asb julle hulp om vanjaar se boksies spesiaal te maak.

Ons benodig asb **16 van elke item**.

'n **Kontantbydrae** is ook baie wekom. Bydraes kan voor **9 Oktober 2026** by kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie vir julle ondersteuning.

06 DIENSBEURT:

20 September
Wyk 9

Baie dankie

27 September
Vakansie

Vars denke oor Kruisdra

oorspronklik geskryf deur Leonard Sweet

In die eerste eeu het 'n kruis dra net een ding beteken:

jy stap in die openbaar uit om in skande te sterf.

Vandag gebruik ons “kruisdra” vir situasies wat strek van 'n seer rug, moeilike base of lastig skoonfamilie. Ons sug: *“Dis my kruis om te dra.”*

Nee. Dit is 'n ongerief. Dit is 'n lastigheid.

'n Kruis is nie wat jou lewe moeiliker maak nie; dit is wat jy self opklim sodat iemand anders se lewe beter kan word. Dit is die daaglikse kruisiging van die “soewereine self” (die eie-ek en wat ek kan en gaan doen) — die dood van ons behoefte om altyd eerste te wees, om terug te betaal, of om die laaste woord te hê. Die kruis is nie Christelike juweliersware nie; dit is die Christelike taakbeskrywing.

Keisers het geheers deur ander op kruise te sit, te wys hoe groot sy mag was.

Jesus het geheers deur self op een te klim — Hy het 'n simbool van vrees in 'n troon verander.

So my vraag aan myself vandag is: *So Sweet*, watter deel van jou “soewereine self” moet vandag kruis toe gaan — jou behoefte om te wen, jou behoefte om reg te wees, of jou behoefte om die laaste woord te hê?

Watter deel van jou lewe lê jy werklik neer sodat iemand anders se lewe beter kan word?

Ons kan hier in Caledon dieselfde vraag stel: wat lê ek neer sodat iemand anders se lewe beter kan word? Dit is in ons dorp 'n maklike vraag om te antwoord wanneer ons deur die dorp beweeg en toe laat dat die Gees vir ons uitwys waar die nood is. Die week hoor ons weer uit Johannes 1 dat Jesus ons roep (volg My!) en dan ook vir ons sê kom kyk! Kom kyk met God se oë na God se skepping.

Seën die week met jou kruis om te dra, Groete Dewald

Maranatha Voedsel projek:

Jannetjie van Rooyen

Ons as gemeente reik weekliks uit na werklose en hawelose mense in ons gemeenskap. Bid saam vir hulle eensaamheid en ellende. Bid vir hul verlossing in Jesus Christus. Ons hou rekord van elkeen se verhaal en belowe om vir hulle te bid en te help waar moontlik.

Bv warm klere en komberse, werkverskaffing, respek, aanmoediging en kos dmv die Maranatha voedselprojek.



Ons is gereeld op soek na **gevroesde bakkies oorskietkos** wat ons aan behoeftige mense kan skenk. Hierdie maaltye word aan mense versprei wat dit regtig nodig het, en daar is 'n groot behoefte. As jy 'n ekstra maaltyd maak of oorskietkos het wat gevries kan word, bring dit gerus kerkkantoor toe. Bakkies by deure beskikbaar maar kan enige houer gebruik.

Baie dankie

Preeknotas 20 September 2026

Teks: Johannes 1:43-51

Tema: Die lewe is soos....

Inleiding: Lees weer die eerste 2 hoofstukke van Johannes evangelie.

Hoe hoor jy God se stem nuut in jou lewe?

Skryf kort antwoorde op die volgende vrae:

Waar lê jou voetspore duidelik (soos 'n voetpaadjie wat baie gestap word – waar stap jy baie)?

Waar sou jy ander spore wou los?

Waarheen gaan jou spore lei as dit op die trajek voortgaan? (is jou fokus op jou nalatenskap/jouself of soos ons dikwels hoor “legacy” **of** is jy bereid om elke dag in afhanklikheid te leef?)

Is jou kinders naby God se hart deur jou getuienis/spore?

Het jy 'n vyeboom-plek waar Jesus jou raaksien?

Wat sal jy antwoord as Jesus sê : Los alles en volg My?

Sien jy uit na nuwe dinge wat Jesus vir jou kan wys?

Kom kyk die week weer saam met ander gelowiges hoe Jesus ons lei!

VERJAARSDAE:

Naam	Van	Verjaardag			
Vickie	Cilliers	09/18	Merencia	Mc Gregor	09/21
Karin	De Kock	09/18	Dirk	van Dyk	09/21
Alicia	Fourie	09/18	Johann	Cloete	09/22
Lona	Groenewald	09/18	Monica	Delpont	09/22
Zhanje	Gunter	09/18	Hannelie	Hanekom	09/22
Hein	Human	09/18	Emily	Louw	09/22
Riaan	Malherbe	09/18	Behan	De Kock	09/23
Riana	Nel	09/18	Tersia	Pool	09/23
Emily	Noeth	09/18	Manus	Smit	09/23
Karen	Oosthuysen	09/18	Willem	Van Zyl	09/23
Tiaan	Cronje	09/19	Nika	Viljoen	09/23
Haddon	de Waal	09/19	Duard	Coetzee	09/24
Sassie	Fick	09/19	Marius	De Witt	09/24
Bennie	Griessel	09/19	Mathieu	Moolman	09/24
Elize	Wiehahn	09/19	Erika	Oosthuysen	09/24
Hettie	Hattingh	09/20	Leandri	Smit	09/24
Karla	Hugo	09/20	Helena	Van Wyk	09/24
Willie	Johnson	09/20	Rika	Swart	09/25
Charlene	Mouton	09/20	Elmarie	Van Dyk	09/25
Carla	Ryke	09/20	Kobus-Jan	De Kock	09/26
Melissa	Steyn	09/20	Jeanetta	Du Pisanie	09/26
Lani	Viljoen	09/20	Heloise	Fourie	09/26
Juanine	De Wet	09/21	Hannalie	Smal	09/26
Austin	Grant	09/21	Lizette	Van Brakel	09/26
Sanet	Lubbe	09/21	Cobus	Van Schoor	09/26
			Wiaan	Hoffman	09/27
			Frans	Steyn	09/27
			Jos	Van Der	09/27
				Westhuizen	

Klein Handjies GROOT KUNS KUNSUITSTALLING

7 Oktober 2026

Hek open: 17:00
Hek sluit: 19:00

R10 per volwassene
Koop jou kaartjie op die aand by die hek.

VERMAAK:

- Laerskool Overberg se Junior & Senior Koor. (18:00)
- Overberg Pre-Primêr gaan julle ook verras met 'n item.

LEKKER EET:

- Heerlike hamburgers & hotdogs te koop.
- Voorafbestellings MOET geplaas word by Overberg Pre-Primêr.
- Die snoepie gaan ook oop wees.

PRET EN KUNS:

- 'n Aand vol speel, lag, pret en kuns.

KLEIN HANDJIES SE GROOT KUNS TE KOOP!

Elke kleuter se 5 kunswerke is beskikbaar:

1 Kunswerk: R20
Pakket van 5 kunswerke: R100